LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

TOELATINGSBELEID

LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

TOELATINGSBELEID

DATUM HERSIEN: MEI 2021

Die Laerskool Anton van Wouw (**Die Skool**) is 'n openbare skool met regspersoonlikheid ingevolge die bepalings van artikel 15 van die Sui-Afrikaanse Skolewet No 84 van 1996 (soos gewysig) (**Die Skolewet**).

Die Beheerliggaam van Laerskool Anton van Wouw onderskryf ingevolge artikel 5(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (wet 84 van 1996) die volgende beleid ten opsigte van toelating tot 'n openbare skool. Erkenning word gegee aan al die fundamentele regte van leerders en hul ouers in onderwysverband, soos erken in die Handves van Regte soos vervat in hoofstuk 2 van die Grondwet. Die toelatingsbeleid van Laerskool Anton van Wouw is opgestel en aanvaar deur die Beheerliggaam en word jaarliks hersien.

1 INLEIDING

Hierdie toelatingsbeleid bepaal die riglyne vir toelating van leerders tot Laerskool Anton van Wouw.

Hierdie beleid is opgestel aan die hand van die volgende wette en regulasies:

1.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet 108 van 1996 ("die Grondwet");

1.2 Die Suid Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (soos gewysig) (hierna "die Skolewet");

1.3 Artikel 3(4)(i) en 5 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996 ("NEPA");

1.4 Die Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole, deur die Minister van Onderwys in Staatskoerant Nr. 19377 van 19 Oktober 1998 (Kennisgewing Nr. 2432/98) (hierna "ministeriële beleid") gepubliseer;

1.5 Die Wet op Skoolonderwys, 1995 (Gauteng) (Wet No. 6 van 1995);

1.6 Gautengse regulasies vir leerdertoelating tot openbare skole no. 4138 van 2001 soos gewysig deur no. 1160/2012.

2 WOORDOMSKRYWING

2.1 **Leerder -** 'n kind, met inbegrip van 'n skoolpligtige kind, wat voldoen aan die aanvaarde raamwerk van normale graadouderdomme van 'n skool in die algemeen en die betrokke skoolklas of graad in die besonder, waarvoor toelating in Laerskool Anton van Wouw versoek word.

2.2 **Ouer** – van 'n tersaaklike leerder sluit in :
2.2.1 Natuurlike / Biologiese ouer van leerder
2.2.2 Wettige voog van leerder
2.2.3 'n Persoon wat wettiglik gemagtig is om toesig oor die leerder uit te oefen.

2.2.4 ‘n Persoon wat om welke ander regtens aanvaarbare rede onderneem om hierdie verpligting na te kom. (Toesig en beheer oor die opvoeding van die leerder)

2.3 **Ouergemeenskap** – Die gemeenskap van ouers van ingeskrewe leerders.

2.4 **Beheerliggaam** – Die Beheerligaam van die skool soos voorsien in artikel 16 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996)

2.5 **Voedingsarea** – Alhoewel die gemeenskap waarin die skool is, die natuurlike voedingsgebied van die skool veronderstel, is daar nie vasgestelde grense nie en word leerders van ander gebiede ook aanvaar.

2.6 **Skool** – Laerskool Anton van Wouw.

3 TOELATINGSBELEID EN WETLIKE BEPALINGS

3.1 Die toelatingsbeleid word so voorgestel dat dit met ander toepaslike en geldige regsbepalings oor toelating versoenbaar is.

3.2 Sonder om die algemeenheid van artikel 2.1 te beperk, is dit die uitgangspunt van die toelatingsbeleid dat daar nie op enige relevante gronde onbillik of onregverdig teen enige leerder gediskrimineer mag word nie.

4 WIE DOEN AANSOEK OM TOELATING

4.1 Leerders wat nie die vorige jaar in Laerskool Anton van Wouw as leerders ingeskryf was nie.

4.2 Alle kinders is skoolpligtig in die jaar waarin hulle sewe(7) jaar oud word en moet hy/sy ‘n ingeskrewe leerder wees. Aansoek om toelating moet betyds ingedien word, volgens die datums wat deur die GDO jaarliks aangekondig word.

4.3 Vir toelating van ‘n kind **voor die verpligte skoolgaande ouderdom**, geld die volgende voorwaardes:

4.3.1 Vir toelating tot Graad 1 moet die leerder voor of op 30 Junie van die betrokke skooljaar waarvoor om toelating aansoek gedoen word, minstens ses (6) jaar oud wees.

4.3.2 Die skoolhoof kan die toelating van so ‘n kind onderhewig maak aan die voorlegging van ‘n evalueerder, wat die kind se skoolgereedheid ná gepaste toetsing, as bevredigend bevind. Vir dié doeleindes moet die kind se taalvaardigheid in die onderrigtaal van die skool in ag geneem word.

4.3.3 Indien ‘n kind aan bogenoemde vereistes voldoen en toelating geweier word, moet skriftelike redes verskaf word aan die Departement van Onderwys (Gauteng) en op versoek aan die ouer(s). Bewys van alle korrespondensie moet bewaar word deur die skool.

4.4 Graad R-leerders moet toegelaat word volgens die Administratiewe prosedure van die Departement van Onderwys, soos genoem in omsendbrief 58/2003 en soos vervat in die relevante wetgewing. Vir toelating tot graad R moet die potensiële leerder voor of op 30 Junie van die betrokke jaar waarvoor aansoek gedoen word,reeds vyf (5) jaar oud wees.

5 REGISTER VAN TOELATING

5.1 ‘n Register van alle leerders wat aansoek doen om toelating tot Laerskool Anton van Wouw, word opgestel.

6 TOELATINGSVEREISTES

6.1 ‘n Leerder kan slegs tot die skool toegelaat word indien:

6.1.1 Daar ruimte, fasiliteite en ander hulpbronne in of by die skool beskikbaar is om die leerder te akkommodeer.

6.1.2 Die leerder nie die maksimum ouderdom van die graad oorskry nie.

6.1.3 ‘n Leerder ‘n graad herhaal, sal hy/sy her-toelating kry indien hy/sy nie die maksimum ouderdom van die graad oorskry nie.

6.1.4 Kinders wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie, mag ook inskryf indien hulle aan die vereistes, soos bepaal in die relevante wetgewing, voldoen.

6.1.5 Die ouer skriftelik onderneem dat die leerder die gedragskode van die skool (Artikel 8 van die Skolewet) stiptelik sal nakom en dat die ouer alle redelike stappe sal doen om sodanige nakoming te verseker.

6.1.6 Die ouer skriftelik onderneem om die toepaslike skoolfonds te betaal deur ondertekening van die standaardooreenkoms van die skool in dié verband.

6.1.7 Leerders met spesiale onderwysbehoeftes sal aanvaar word, onderhewig aan die volgende vereistes:

- Die leerders moet aan die toepaslike ouderdomsvereistes voldoen.
- Die praktiese vereistes en/of behoeftes moet ook in ag geneem word.

7 TOELATINGSPROSEDURE

7.1 Huidige ingeskrewe leerders:

Alle ingeskrewe leerders van die skool wat van voornemen is om die daaropvolgende jaar weer as ingeskrewe leerder aan hierdie skool te registreer, moet in ooreenstemming met die voorskrifte van die Departement van Onderwys, skriftelik bevestiging van sy/haar voornemens gee ten opsigte van registrasie. Geen fooie is betaalbaar vir bogenoemde registrasie nie.

7.2 Nuwe leerders:

Voornemende nuwe leerders wat vir die eerste keer die skool wil bywoon in ‘n volgende skooljaar, moet volgens die vereistes van die Departement van Onderwys registreer. Laat registrasie sal slegs aanvaar word indien daar plek is.

7.3 Voedingsarea:

Die voedingsarea van die skool word bepaal deur die woon- of werksadres van die ouer(s) (die skool naaste aan hierdie adresse). Die moedertaal van die leerder, asook die voorkeur van medium van onderrig, word hiermee saam in ag geneem.

Onderworpe slegs aan die voorskrifte van die Departement van Onderwys en die

praktiese toepassing van die elektroniese inskryfstelsel van die Departement van Onderwys, word voorkeur van toelating vir leerders tot die skool, soos volg bepaal:

7.3.1 Lys A1 – Ouer(s) is woonagtig in die voedingsarea.
7.3.2 Lys A2 – Ouer(s) is werksaam in die voedingsarea, hoewel nie woonagtig in die voedingsarea nie.
7.3.3 Lys B – ‘n Waglys vir leerders wat nie op Lys A1 of A2 geplaas kan word nie.

Leerders op die lyste sal in kennis gestel word in ooreenstemming met die vereistes van die Departement van Onderwys.

Ouers kan appelleer indien ‘n leerder nie toelating kry nie. Die Skoolhoof kan die redes, tesame met ‘n afskrif van die appelvorm, aan die ouers beskikbaar stel.

Die appèlvorm moet aan die skool teruggestuur word. Die skool lê dit aan die IDSO (Institutional Development and Support Official) voor.

Die IDSO sal die finale besluit neem en albei partye daaroor inlig.

8 RELEVANTE VORMS EN INLIGTING VIR REGISTRASIE EN TOELATING

Die relevante vorms en inligting word aan alle ouers verskaf, om dit volledig te voltooi en aan die skool terug te besorg.

9 ROL VAN DIE BEHEERLIGGAAM

Die SBL is verantwoordelik vir die bepaling en hersiening van die toelatingsbeleid, onderhewig aan die relevante wetgewing.

10 ROL VAN DIE SKOOLHOOF

Die skoolhoof, as amptenaar van die Gauteng Departement van Onderwys, is verantwoordelik vir die uitvoering en bestuur van die toelatingsbeleid, soos bepaal deur die Beheerliggaam, onderhewig aan die relevante wetgewing.

_____ _____

HOOF **BEHEERLIGGAAM VOORSITTER**

DATUM: 1 MEI 2021